

Wanneer ons Jesus sien

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B440b

Skriflesing uit: Matt.16:24 tot 17:1 – 13

Kernvers : 27 – ‘Voorwaar Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die Seun van die mens in Sy Koninkryk sien kom het nie.’

Geliefdes, ons is so geneig om net te dink aan God se genade en die heerlike dag wanneer ons vir Jesus sal sien kom op die wolke. Maar dit sê hier dat wanneer Jesus kom Hy elkeen sal vergeld volgens sy dade.

In vers 28 het Jesus vir Sy dissipels gesê: Voorwaar Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal sien voordat hulle die Seun van die mens in Sy Koninkryk sien kom het nie.

Net ses dae later het Jesus vir Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom geneem en hulle op ‘n hoë berg eenkant gebring. Daar het Hy vir hulle toe ‘n heerlike voorskou gegee van die heerlikheid van Sy koms en van Sy Koninkryk.

Jesus het van gedaante verander en Sy gesig het geblink soos die son. En Moses en Elia het daar aan hulle verskyn. Die dissipels kon hulle dadelik herken alhoewel hulle hul nooit tevore gesien het nie. Daar kom toe ‘n stem uit die hemel wat sê: ‘Dit is my geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehae het. Luister na Hom!

Dis wonderlik wanneer ons na die Woord kyk om te sien hoedat God op verskeie geleenthede die aarde besoek het, en Hy altyd in ‘n wolk gekom het.

So sê die Skrif i.v.m. Jesus se koms dat Hy sal kom met die wolke! Hoe heerlik sal dit nie wees om dit te aanskou nie; maar hoe sal ons bevind word wanneer ons vir Jesus sien op daardie dag?